Missie Japan
Posbus 11412
Universitas, 9321, Suid Afrika
0027514066729
missie@ngkvs.co.za

Mission Japan
PO Box 11412
Universitas, 9321, South Africa
0027514066729
missie@ngkvs.co.za

10 Mei 2018

Liewe medewerker

ELMAR EN NADINE DU RAND: KANDIDAATSENDELINGE NA JAPAN

Die Reformed Church in Japan (RCJ), die kerk waarmee ons in nou vennootskap saamwerk, het ons dringend versoek om vir hulle sendelinge te stuur, geestelike werkers wat die klein gemeentes op die eiland Shikoku kan help met hulle uitreik na mense (veral die jeug) wat nog buite die kerk is. In Japan is minder as 1% van die bevolking reeds gekersten.

Elmar en Nadine het hulle kom aanmeld om gestuur te word. Hulle is oortuig van hulle roeping na Japan. Missie Japan se bestuur is oortuig dat hulle twee pragtige jongmense en goed toegeruste, ervare en toegewyde sendelinge is wat hierdie uitdagende werk sou kon aanpak. Vir die volgende klompie maande is hulle besig met voorbereiding. Hul belangrikste werk is om gemeentes, klein geloofsgroepe en individue te besoek, hulle roepingsverhaal te vertel en ondersteuning (emosioneel, geestelik, maar ook finansieel) te werf.

Ons neem vrymoedigheid om jou met ‘n versoek te nader: sal jy ons asseblief help om ‘n geleentheid te reël waar Elmar en Nadine in jou gemeente kan optree, ‘n kleiner groep kan besoek of met individue kan skakel? Dit sal byvoorbeeld wonderlik wees as hulle net vir ‘n paar minute in ‘n erediens kan optree (hulle sou ‘n *PowerPoint*-aanbieding kon wys of baie kortliks van hulle roeping na Japan kon vertel). Hulle het ook bemarkingsmateriaal om uit te deel.

Laat weet asseblief of dit moontlik kan wees en wanneer dit sou kon pas. Skakel gerus met:
Missie Japan kantoor: Karisma du Pisanie by 051 406 6729, of missie@ngkvs.co.za
Elmar: 079 991 2231, of elmar@missiejapan.co.za
Nadine: 082 529 7243, of nadine@missiejapan.co.za

Ons glo werklik dat dit die Here is wat ons roep vir hierdie werk. Ons is baie dankbaar vir elkeen wat ons hierin ondersteun. Bid saam met ons dat die Here vir Elmar en Nadine die deure sal oopmaak sodat hulle vroeg volgende jaar na Japan kan vertrek.

Vriendelike groete.

G van der Watt

Dr Gideon van der Watt
(Sekretaris)